# Naar vader en moeder

Wees hoog genoeg vir vader's aard,
Waar vastrap-krag en mannemoed
Betoon moet word in teënspoed –
Waar volksbelang en heil van land
Beroep maak op jouw ysterhand:
Wys dàar, dat jy naar vader aard!
Waar hinderpaal en harde werk
Hart-spiere eis als staal, so sterk-
Waar onreg en verdrukking wag
Op 'n beskermer's mannekrag:
Wees dàar getrouw aan vader's aard –
Trek uit die skede vader's swaard!

Wees nie te hoog vir moeder's aard,
Waar treurend naaste's droewe smart
Dors naar die troos van vriende-hart,
Waar folterende krankheids klag
Op tedere verpleging was
Van sagte hand, naar moeder's aard!
Waar wàar berouw vergifnis smeek,
Waar hand van hulp is uit te steek,
Waar nooddruf om jou aalmoed kerm,
Waar jou verlaag'ne smeek <Ontferm!>
Wys dàar jou moeder's liefdryk ' aard:
Steek in jou skede vader's swaard!

Digter: C.J. Langenhoven, 1873-1932.
Jaar: 1914.

Bron: Ons Weg deur die Wêreld. In: ZUIDAFRIKAANSE POEZIE. Wereldbibliotheek n.v., Antwerpen, zonder jaar. p. 81.

Ekstra inligting:
internet: https://en.wikipedia.org/wiki/Cornelis_Jacobus_Langenhoven
en https://af.wikipedia.org/wiki/C.J._Langenhoven